

Skriflesing: Openbaring 2:18 – 29Teks: **Openbaring 2: 25**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 146:6, 8****TYDENS EREDIENS- Ps. 18:15,20; Ps. 40:4; Ps. 51:1, 5; Sb. 15-5 (41):1,2,3,4; Ps. 134:4****Openbaring 2:18 – 29****Rev 2:18** Skrywe aan die leraar van die gemeente in Tiatira: So sê die Seun van God, wie se oë soos vuur vlam en wie se voete soos geelkoper is:**Rev 2:19** Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding en Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore.**Rev 2:20** Maar Ek het dit teen julle dat julle die vrou Isebel laat begaan. Sy doen haar as profetes voor en leer en verlei my dienaars om onsedelikheid te bedrywe en afgodsoffervleis te eet.**Rev 2:21** Ek het haar kans gegee om haar te bekeer, maar sy wil haar nie van haar onsedelikheid bekeer nie.**Rev 2:22** Kyk, Ek gee haar aan 'n siekbed oor, en die mense wat met haar owerspel gepleeg het, aan swaar lyding – as hulle hulle nie van haar praktyke bekeer nie.**Rev 2:23** Haar volgelinge sal Ek deur 'n pessiëkte om die lewe bring. Dan sal al die gemeentes weet dat dit Ek is, die Een wat die gedagtes en begeertes van die mens deurgrond. Ek sal elkeen van julle straf volgens julle doen en late.**Rev 2:24** Maar vir julle ander in Tiatira, wat nie hierdie leer aanhang en nie die "diep geheimenisse van die Satan", soos hulle dit noem, leer ken het nie, sê Ek: Ek lê op julle geen ander verpligting nie;**Rev 2:25** hou net vas wat julle het, totdat Ek kom.**Rev 2:26** Aan elkeen wat die oorwinning behaal en tot die einde toe volhou om te doen wat Ek wil hê, sal Ek mag en gesag oor die nasies gee.**Rev 2:27** Hy sal hulle met 'n ystersepter regeer, hulle soos kleipotte stukkend slaan.**Rev 2:28** Dieselfde mag en gesag het Ek ook van my Vader gekry. Daarby sal Ek vir elkeen wat die oorwinning behaal, die môrester gee.**Rev 2:29** Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.**Skriflesing:** Openbaring 2:18 – 29Teks: **Openbaring 2: 25**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 146:6, 8****TYDENS EREDIENS- Ps. 18:15,20; Ps. 40:4; Ps. 51:1, 5; Sb. 15-5 (41):1,2,3,4; Ps. 134:4**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in al vier die briewe wat aan die verskillende gemeentes geskrywe was, tot waar ons vandag by die vierde gemeente kan stilstaan, is daar deurlopende lyne en gebeure wat elke gemeente ten diepste raak. God wat weet wat in sy kerke aan die gang is. Vir God is dit baie duidelik wat in ons as kerk hier in Postmasburg ook aan die gang is. Elke gemeente het in die eerste plek te make met Hom wat Jesus Christus is. Hy weet alles, Hy sien alles. Hy is die Een wat tussen die kandelare wandel soos Hy dit in Openbaring 1, maar ook in die begin van Openbaring 2 al duidelik gemaak het. Dit gaan in alles oor die Christusregering oor sy Kerk. En dan sê Hy baie duidelik dat Hy ken sy kerke. Hoeveel van die briewe begin met wat Jesus sê: *Ek ken jou werke*. In die eerste drie gemeentes sê Jesus dit elke keer baie duidelik. In vandag se brief aan Thiatire sê die Here dit ook weer- *Ek weet alles wat julle doen ...* is hoe die 1983-Vertaling dit stel- Vers 19 - *19 Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding en Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore.*

Wanneer ons Thiatire ingaan is dit ook weer 'n baie ou-ou stad met sy eiesoortige omstandighede en mense wat dinge vir 'n kerk of beter of moeiliker kan maak. Dit was eintlik nie 'n groot stad nie. Ja, die gemeente in Thiatire was dan ook die kleinste van die sewe gemeentes, maar tog word aan hulle die langste brief in vergelyking met die ander briewe aan die verskillende gemeentes geskryf. Vir die gelowiges word aan die een kant mooi dinge hulle toegesê. Die Here noem dit by name, die mooie moet mos by name genoem kan word- ook moet ons nie terugdeins om dit wat mooi is in hierdie kerk ook duidelik aan te toon nie. *Ek ken julle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding en Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore.* Dis aangrypend dit wat hier dan ook staan- dat sekere dinge met tyd ook verbeter. Dis mos die implikasie as die Here sê - ... *dat julle nou ook meer doen as tevore.* Sal dit nie wonderlik wees as daar oor ons as kerk in Postmasburg die dag mag aanbreek wat God sal kan sê, in my kerk word daar ná Covid selfs nog meer gedoen as tevore. Ja, selfs meer as voordat Covid in hierdie wêreld gekom het ... sal dit nie wonderlik wees nie!

Hierdie mooie moet ons raaksien midde 'n stad wat in baie opsigte weer anders is as hoe dit in die ander sewe stede die geval was waar Christus tussen sy kerke rondbeweeg het. Thiatire was 'n stad met baie fabriek, industrie en nywerhede. Dalk kan ons dit vergelyk met iets van die ou Oos-Rand of dalk ook selfs hier by ons waar myne en industrie 'n groter invloed uitoefen as ander plekke waar akademiese en kunste en boeke kennis en geleerdheid weer 'n groot rol speel. So sal ons onthou was Pergamus met sy grootste biblioteek meer 'n akademiese plek as ander stede, Thiatire is weer die plek van die vakmanne en besighede waar handel 'n baie groot rol gespeel het. Juis is hierdie industrie die rede wat dinge in Thiatire ook vir die kerk nie maklik gemaak het nie.

Ons kan die omstandighede aldaar vergelyk met wat in die werksomgewing in ons tyd ook dikwels gebeur. Mense behoort aan allerlei vakbonde, daardie jare het hulle dit gildes genoem. Die probleem in daardie tyd was nie soseer die feit dat daar vakbonde was nie, maar die vereistes wat die vakbonde aan hulle lede gestel het en allerlei keuses wat hulle lede moes uitoefen. As iemand nie sou inval met wat die algemene gebruik en beskouing in die vakbond was nie, dan was jy in alle opsigte beskou as 'n buitestaander, as een wat eintlik nie in Thiatire moet wees nie. So was die vakbonde ook deurtrek van die afgode. Hulle het die afgode as hulle beskermgode

beskou. So is die gode Tirimnos en Apollo en Sabeleos as sodanige gode beskou. Dan het die vakbondlede geglo dat as hulle feeste vier en partytjie hou dan moet 'n gedeelte van die vleis eers aan die gode geoffer word en wat dan op die tafel oorbly moet as 'n geskenk van die god beskou word.

En met hierdie oordadige ete en drinke het ook op die toneel verskyn wat die Here sy kerk in Thiatire teen waarsku wat God by name noem Isebel. *Vers 20- 20 Maar Ek het dit teen julle dat julle die vrou Isebel laat begaan. Sy doen haar as profetes voor en leer en verlei my dienaars om onsedelikheid te bedrywe en afgodsoffervleis te eet.*

Broeder en suster, ons kan Thiatire ook noem die kerk met die twee vroue. Isebel verteenwoordig die een kant in hierdie gemeente en dan was daar ook 'n ander vrou uit Thiatire afkomstig wat in Paulus se lewe vir hom baie beteken het. Ons praat van Lidia, die purperverkoopster. Dadelik besef ons dit is nie net name van twee bekende vroue wat in hierdie gemeente aan die werk was nie, maar eintlik verteenwoordig die twee vroue twee heeltemal teenoorstaande wêreldes wat albei in die kerk aan die werk is.

Die naam Isebel ken ons in die Ou Testament as 'n baie geslepe en gevaarlike vrou, die vrou van koning Agab. Sy is die vrou wat haar man verlei het om die ware profete van God dood te maak. Sy was gedurig daarop uit om die profeet Elia uit te daag en die lewe vir hom swaar te maak. Dink aan hoe swaar was sy gemoed op daardie stadium dat hy onder 'n bos ingekruip het met die gebed om eerder te sterf. Isebel in die Ou Testament is die vrou wat die volk van God daartoe verlei het om die Kanaänitiese god van landbou, die afgod Baäl te aanbid. Weereens sy was so geslepe en gevaarlik. Sy het Israel wou laat glo dat welvaart kom van Baäl af.

Nou sien Johannes ook so 'n vrou in die kerk in Thiatire. Of haar naam regtig Isebel was of maar net 'n simboliese heenwysing van die Isebel van ouds maak nie saak nie, die gevare in die vrou is ewe groot. Sy tree as't ware soos 'n geestelike hoer in die kerk van die Here na vore. Sy maak mense verslaaf aan haar dwaalleer, sy verlei hulle tot die verderf van onsedelikheid en sedeloosheid met al die vakbond- partytjies wat sy wou hou om die kerk in sy wese vrot te maak.

Broeder en suster, dis die een vrou, die verteenwoordiging van dwaling en baie dinge wat in 'n kerk verkeerd kan gaan. As Christus na haar verwys dan word daar eintlik baie breedvoerig oor haar gehandel. Sy doen haar as profetes voor, baie kerklik asof die gawe van profesie by haar uitstaan. Sy is in die kerk toegelaat om haar valslike leer selfs aan andere te leer. Hoe gevaarlik as onderrig in sy wese van die verkeerde mense uitgaan.

Dit is lyk my juis die uitbreiding oor hierdie vrou wat maak dat hierdie vierde brief aan die gemeentes dan ook die heel langste brief aan al die gemeentes is. Jesus sê vir sy Kerk *20 Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet. 21 En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie. 22 Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie. 23 En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.*

Duidelik is die vrou oorsaak van baie ellende wat juis in die kerk kan afspeel. In Thiatire het die ellende wat sy veroorsaak het later 'n duidelik teologiese naam begin kry. Die dwaalleer wat sy uitgedra en uitgeleef het noem ons die dwaalleer van die gnostisisme. Prakties het die dwaling daarop neergekom, dat ons kan met ons liggame maak wat ons wil, ja die seksuele gebruike van die offerfeeste kan die mense aan deelneem want net jou liggaam is ter sprake, dit raak nie jou siel nie. Volgens die dwaling is die liggaam en al die materiële dinge in alle geval in wese slegte dinge. Die slegte sal maar altyd daaraan verbind bly daarom so lank jou siel nie geraak word nie, kan jy maar aangaan. Hulle sê dan ook dat God gee nie om wat met die liggame en die aardse dinge gedoen word nie, want God is net besorg oor die siel. Hierdie verskriklike dwaling is so ver van die waarheid af. Ons besef dis God wat die aarde en ook al die materiële dinge gemaak het. God het die mens na liggaam en siel gemaak en daarom moet dit alles aan God toegewy wees. God is oor ons liggame en wat met die liggame gedoen word net soveel begaan as wat God oor ons siele die sorg wil hou. 1 Korintiërs 6 se tweede helfte wys so duidelik hoe die liggaam nie vir hoerery geskep is nie, maar dat die Heilige Gees daarin wil woon. Die liggaam moet 'n tempel van die Heilige Gees wees.

Die gevaar van dwaalleer en om jou deur dit te laat mislei is altyd 'n wesentlike gevaar in die Kerk van die Here. Daarom ook as ons twee broeders aanstons in die heilige ampte van die Here bevestig gaan word, dan is hulle deel van hulle roeping om ook in hierdie kerk die dwaalleer te ken, dit te bestry, oor die lewens van ander te waak.

Ons mag dalk dink die gnostiese dwaal-idees bestaan nie meer nie. Ongelukkig het die dwaling deur Satan met al sy metodes hier ook weer prioriteit begin kry. Mense skei siel en liggaam steeds op gruwelike wyse en het mense so op die bestaan van 'n gevaarlike virus begin fokus dat hulle aanvaar my liggaamlike beskerming en my liggaamlike stryd teen die virus is nou belangriker as dit wat die kerk se verantwoordelikheid en die kerk se stryd nog maar altyd was?! Mense het al hoe meer die noodsaaklikheid en belangrikheid van die geestelike stryd onderskat. So asof ons het mos geestelik reeds gearriveer. God moet nou maar verstaan ons moes sy kerk se deure sluit, ons moet mos aan ons gesondheid meer aandag kon gee as aan ons geloof. Geliefdes dis die dwaling van die gnostici weer voluit aan die werk. Die Isebel van die lewe loop beslis in Postmasburg ook los rond! Broeders julle wat ook nou in die ampte gaan kom, ons almal as ouderlinge en diakens moet haar werke en haar boosheid en haar hoerery op geestelike gebied ken en sy moet bestry word.

Mag ons onself baie eerder by die ander vrou skaar. Haar naam word nie direk in die brief genoem nie, maar vanuit Handeling 16 ken ons haar (Hand 16:14). Ons leer haar eintlik in Filippi ken maar sy was ook 'n vrou afkomstig van Thiatire. 'n Vrou wat haar geloof en haar werke één was. Wat op geen wyse die skeiding van siel en liggaam, of anders gestel, die skeiding van gees en materie in haar lewe toegelaat het nie. Ons praat van Lidia, 'n vrou wat ons ken as purperverkoopster; daar op 'n rivierwal in die Europese dorp Filippi het sy tot bekering gekom toe sy Paulus die eerste keer hoor preek het. Ons noem haar ook die eerste gelowige, die eerste christen in Europa maar was sy ook afkomstig van Asië.

In hierdie vrou het God as't die ware geloof 'n nuwe kontinent ingedra! Haar lewe is so die teendeel van Isebel. Haar hart het God vir die evangelie oopgemaak dat sy die eerste mens in Europa was wat graag vir Paulus en Silas aan huis ontvang het. Ons kan aanvaar sy was 'n kranige sakevrou, want die pers wolstof (purper) wat haar groot handels item was, was nie

sommer goedkoop slenter besigheid nie. Tog het haar geloof haar materiële purper ingesluit. As ons Openbaring lees dan lees ons nêrens direk haar naam nie, maar sy sy deel wees van hulle wat God sê - *Ek ken julle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding en Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore.*

Dit saamgelees met die woorde in vers 25 - *25 Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom ...* Watter besondere troos en aansporing ook vir ons hier vandag. As ons reeds liefde, geloof, diensvaardigheid, volharding het, ja dit word net nog mooier as die Here sê - *Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore ...* dis die dinge wat hierdie kerk in Thiatire reeds gehad het. Dis die dinge waaraan vasgehou moet word.

Ons moet nie die kerk ander laste en allerhande ander verpligting wil oplê nie. As ons oor ons eie voortbestaan ook vandag moet handel. Hoe ons hier in Postmasburg die toekoms tegemoet moet gaan. Glo waarlik in die Christusregering oor sy Kerk. Die kerk behoort nie aan ons nie! Dit is nie ons wat sal besluit en bepaal of hierdie kerk nog kan voortbestaan of nie. Daarom moet die toekoms van die kerk ook nie ingewikkeld gemaak word asof daar allerlei strategieë en visies en missies vir kerk-wees uitgewerk moet word nie- *Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom ...*

As ons praat van die Christusregering oor sy Kerk dan gaan dit in alle geval oor die feit dat Christus Koning is. Dit is wat die brief baie sterk beklemtoon. In Efese was dit 'n stryd tussen lig en duisternis, in Smirna was dit 'n stryd tussen lewe en dood, in Pergamus was die stryd rondom die ware prediking – die skerp tweesnydende swaard wat moet bly sny, die Woord van God wat in die prediking moet bly sny, alleen die Woord moet verkondig word. Dit is nie altyd so maklik nie. Snywerk bly moeilike en gevaarlike werk. In Thiatire besef ons vandag hier gaan dit om die erkenning van Christus se koningskap oor alle terreine van die lewe. Ook oor die industrieë, die vakbonde, julle werkplek moet deel kan vorm van waar Christus regeer. As ek swaar werk, ja as ek besig is om 'n yster te moet buig of as ek 'n hamer moet slaan, moet dit ook in diens van Christus gedoen word. Dit moet sy koningskap ook tot eer strek, ook alles wat op ons plase gedoen word, dit moet aan die koningskap van Christus diensbaar wees. Trouens hoe Christus Homself aan die gemeente voorstel en hier sy werk doen, is alles koninklike terme en

werk. *Dit sê die Seun van God wat oë het soos 'n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper ...* Seun van God is 'n koningsterm, sy oë kyk koninklik, Hy sien wat ons doen, maar Hy sien ook wat ons nie doen nie. Die mooi dinge sien Hy maar ook die afskuwelike dinge rondom Isebel wat die gemeente eintlik hulle oë voor wou toemaak, maar Christus sien dit, Hy sien dit duidelik en Hy gaan nie toelaat dat sy maar net aangaan nie. Hoe spreek Christus koninklik as Hy sê: *22 Kyk, Ek werp haar neer op 'n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in 'n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie. 23 En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke.*

En dan spreek Christus Hom koninklik uit oor haar maar ook oor ons eie tipe Gnostieke dwalinge wat in die Covid-tyd kerke oorrompel het. Mense wat redeneer dat die geestelike stryd van die lewe nie so ernstig opgeneem moet word en beslis ook nie nou so hard kerklik gestry moet word nie. Los maar die mense uit wat nie kerk-toe kom, daar is so baie waarvoor hulle bang is, ons moet tog nie so hard wees nie, ons moet begrip hê vir mense se laksheid. Dis verskriklik dat ons by hierdie punt gekom het. Die woord wat ek Christus hoor sê is juis baie hard ... Hy sê dat hulle met die dieptes van Satan besig is, Christus praat van 'n siekte wat Hy sal stuur wat Isebel en haar volgelinge op 'n siekbed sal neerpen en die wat met haar owerspel bedryf, dis Christus wat sê dat Hy hulle sal doodmaak. Dit is die ware kerke wat moet weet dat Christus hierdie dinge doen. Duideliker kan Christus dit sekerlik nie gesê het nie ... *al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke...* Ons het in die 1983-Vertaling geles- *Dan sal al die gemeentes weet dat dit Ek is, die Een wat die gedagtes en begeertes van die mens deurgrond. Ek sal elkeen van julle straf volgens julle doen en late.* Ook wanneer Hy sê - *27 Hy sal hulle met 'n ystersepter regeer, hulle soos kleipotte stukkend slaan. 28 Dieselfde mag en gesag het Ek ook van my Vader gekry.* Heeltyd is dit baie duidelik die Koning aan die woord. Christus sal Hom op geen manier van sy koningskap, van sy regering oor sy Kerk laat ontnem nie.

Christus se voete sal koninklik trap en kan ook vertrap. In Openbaring 1 het ons al gesê die simbool van voete van koper wys op Jesus se standvastigheid en sy onveranderlikheid. Daarom broeders julle wat nou in die ampte bevestig gaan word, ons wat Christus oor hierdie gemeente

vandag hoor praat het, kom weg van die Gnostiek van ons tyd, kom waarlik weer by Christus uit, wees soos Lidia, laat jou nie verlei met die slimpraatjies van ons tyd dat die kerk eintlik nie meer nodig is nie, ja dan sê ons eintlik Christus is nie meer in my lewe nodig nie. Die Kerk is sy liggaam. Bely sy heerskappy, eintlik is dit glad nie so ingewikkeld nie- *hou net vas wat julle het, totdat Ek kom.*

Mag die môrester nou reeds nie net in die oggende opkom oor die horisonne van die wêreld nie, maar daar is 'n belangriker ster wat in jou lewe moet opkom. Die môrester moet in julle harte opkom. Ons weet hierdie môrester is Jesus Christus Self, die onbetwisbare Getuie en BoodsAPPER van die dag wat kom wat God sê nuwe môre in ons lewens sal wees, soos die môrester nou nog altyd in die oggend ons herinner dat as die nag op sy donkerste is, is die wending op sy naaste. In die nag net voor dagbreek is die nag dikwels op sy koudste maar dan kan jy maar op die uitkyk wees na die môrester wat sê die son gaan kom, die dag gaan oopgebreek word. Hoe wonderlik om uit te sien na die laaste dag wat op hierdie aarde oopgebreek gaan word wat dan alle ander dae sal afsluit.

AMEN